# Verbeter reproduksie in 'n vleisbeeskudde só

*Deur Pieter Brönn (Pr.Sci.Nat.), Feedtek*

Goeie reproduksiedoeltreffendheid is 'n sleutelfaktor vir operasionele sukses en winsgewendheid in 'n koei-kalf produksiestelsel. In die algemeen word verwag dat elke koei in die kudde jaarliks, nagenoeg dieselfde tyd, 'n gesonde kalf sal produseer en die kalf tot 'n bepaalde speentyd en -gewig moet grootmaak. Koeie wat nie elke jaar 'n kalf produseer nie, verlaag doeltreffendheid en gebruik hulpbronne wat beter vir meer produktiewe diere aangewend kan word.

## Vestig 'n een-jaar kalfinterval

*Figuur 1* illustreer dat 'n koei binne 85 dae ná kalwing gedek en dragtig moet word, om elke twaalf maande te kalf (280 dae dragtigheid + 85 dae = 365 dae). Ná kalwing het sy egter 30 tot 45 dae nodig vir die herstel van haar reproduksie-organe. Indien sy geen kalfprobleme ondervind het nie, gesond is en in goeie liggaamskondisie is, het sy dus slegs 55 dae oor ná die hersteltydperk om dragtig te raak.

Om 'n gemiddelde twaalf-maande kalfinterval in 'n kudde te behaal, is nie 'n maklike taak nie. Verskeie faktore speel 'n rol en elke koei-kalfstelsel verskil, asook hul teelmetodes en -programme. Verskeie hulpmiddels en reproduksieprogramme kan ingespan word om doelwitte na te jaag, byvoorbeeld natuurlike teling, kunsmatige inseminasie, sinkronisasie en embrio-oorplasing, of kombinasies van die voorafgaande.


## Evalueer doeltreffendheid

Dit is belangrik om reproduksiedoeltreffendheid in 'n kudde deurlopend te evalueer, ongeag die reproduksieprogram wat gebruik word. Die sukses en winsgewendheid van 'n koei-kalfstelsel hou immers direk verband met die aantal kalwers wat jaarliks geproduseer en bemark word. Verbeterde kuddebestuur en seleksie vir reproduksieprestasie speel dus 'n belangrike rol om die winspotensiaal te verbeter.

Byvoorbeeld, gestel daar is vier soortgelyke koeie in 'n kudde waar die bulle regdeur die jaar by die koeie loop. Die koeie het dieselfde geboortedatum, bereik puberteit op twaalf maande en raak op ouderdom 15 maande (60% van volwasse massa) dragtig. Die koeie verskil egter wat daaropvolgende kalfintervalle betref.

Soos in *Figuur 2* uitgebeeld het koei een die ideale twaalf-maande kalfinterval. Sy maak elke jaar 'n kalf groot en produseer tien kalwers in haar twaalf-jaar leeftyd.

**Figuur 1: Die kalfinterval van 'n vleisbees in 'n jaarlikse teelprogram. (Bron: Universiteit van Florida)**




*Op dag 0 het die koei dragtig geword en ná ongeveer 280 dae van dragtigheid, het sy gekalf. Ná kalwing benodig sy 30 tot 45 dae om te herstel (baarmoeder-involusie) en vir dekking voor te berei. Ná herstel moet sy in minder as 55 dae dragtig word om 'n twaalf-maande kalfinterval te behaal.*

Koei twee het 'n 13-maande kalfinterval, maar benodig twaalf jaar en nege maande om tien kalwers groot te maak. Koei drie het 'n 14-maande-kalfinterval en neem 13 jaar en ses maande om tien kalwers te produseer. Koei vier het 'n kalfinterval van 15 maande en benodig 14 jaar en drie maande om dieselfde tien kalwers te produseer.

Die bykomende twee jaar en drie maande wat dit neem vir koei vier om tien kalwers te produseer, en die gevolglike vertraging aan inkomste asook verhoogde uitgawes, spreek vanself. Dit is dus noodsaaklik om reproduksiedoeltreffendheid gereeld te evalueer en diere met 'n lae doeltreffendheid tydig uit te skot.

## Kompakte teel- en kalfseisoene

In 'n koei-kalf produksiestelsel met 'n vaste teelseisoen en kompakte besettingstydperk, is kuddebestuur meestal makliker as by kuddes waar teling en kalwing regdeur die jaar plaasvind. Kuddes met 'n kompakte teelseisoen kalf meer gekonsentreerd tydens 'n paar maande van die jaar. Dit het groot voordele vir koste- en arbeidsbestuur.


'n Verdere en belangrike voordeel is dat onproduktiewe koeie vinnig geïdentifiseer en uitgeskot word. Dragtigheidsondersoeke word gebruik om koeie wat nie beset raak nie te identifiseer. Hierdie 'passasiers' kan onmiddellik of nadat die kalwers gespeen is, uitgeskot word om verdere onnodige koste te beperk en ook 'n inkomste te verdien.

Oor die algemeen is koeie wat vroeg in die teelseisoen dragtig raak meer produktief, omdat hulle 'n langer hersteltyd ná kalwing het, wat die waarskynlikheid van herbesetting verbeter. Hierdie koeie kalf ook in 'n meer gunstige seisoen van die jaar, wat die kans op gesonder kalwers en hoër speengewigte bevorder. Verskalwers wat vroeg in die seisoen gebore word, pas gevolglik makliker by die volgende kompakte teelseisoen in.

## Evaluering van reproduksie

Dit is eerstens belangrik om reproduksietempo-doelwitte te ontwikkel en dit

**Figuur 2: Effek van kalfinterval op aantal kalwers per koei geproduseer. (Bron: Universiteit van Florida)**




deurlopend te meet. Beplan teel- en kalfseisoene vir reproduktiewe sukses en soek voortdurend na potensiële reproduktiewe probleme asook moontlike oorsake hiervan. Raadpleeg 'n voedingkundige en veearts oor die bestuur van 'n voedings-, gesondheids- en vrugbaarheidsprogram.

Sleutelaanwysers van reproduksiesukses sluit in konsepsietempo, dragtigheidstempo, kalftempo, kalfinterval, speentempo, speengewig en kilogramme vleis per grootvee-eenheid geproduseer.

Streef die volgende reproduksiedoelwitte en maatstawwe na:

- 'n Besettingsyfer van 90 tot 95%.
- 'n Aborsiekoers van onder 2%.
- Kompakte kalwing: 80% van koeie wat binne 60 dae kalf.
- Minder as 5% kalfvrektes teen 28 dae.
- 'n Kalfinterval van minder as 370 dae.
- 'n Kalfpersentasie van 90%.
- 'n Speenpersentasie van minstens 85%.
- Vervangingsverse wat puberteit tussen tien en twaalf maande bereik. Let wel dat dit deur gewig, ouderdom en rassamestelling beïnvloed word.
- Verse wat op 60 tot 65% van volwasse massa gedek word om op twee jaar te kalf.
- 'n Lae uitskotkoers (minder as 5%) vir onvrugbaarheid.
- Gemiddeld vyf tot ses kalwers wat per koei per leeftyd grootgemaak word.

## In 'n neutedop

Behoorlike bestuur, voeding, kuddegesondheid, seleksie en rekordhouding is noodsaaklik om hoë reproduksietempo's in die kudde te vestig en te handhaaf. Kuddes behoort noukeurig gemonitor te word om reproduksieprobleme spoedig te identifiseer en aan te spreek. Dit sal help om die winsgewendheid van die onderneming te verbeter. 'n Goed-gevestigde teelseisoen stel die produsent in staat om vinnig die beste koeie te identifiseer en koeie met 'n lae doeltreffendheid uit te skot. VP

Vir meer inligting, kontak die outeur by 082 457 4784 of pieter@feedtek.co.za.

